**Afrikaans Huistaal, Eerste en Tweede Addisionele Tale**
**Graad 10-12**
**Literêre kenmerke / terme**

***Poësie***

| | Literêre kenmerke / terme | Verduideliking |
|---|---|---|
| **1.** | **figuurlike / konnotatiewe betekenis** | Woorde of frases wat nie letterlik gebruik word om assosiatiewe of emosionele betekenis van iets te suggereer. |
| **2.** | **letterlike / denotatiewe betekenis** | Die eenvoudigste, mees direkte betekenis van 'n woord of uitdrukking, wat die begripsinhoud weergee of saamvat. |
| **3.** | **stemming/ atmosfeer** | Dit toon karakters se gemoedsgesteldheid; atmosfeer of emosie in 'n geskrewe teks. |
| **4.** | **tema en boodskap** | Dit is die sentrale idee(s) in 'n literêre werk. 'n Teks mag meer as een tema hê en dit mag dalk nie eksplisiet / vanselfsprekend wees nie. |
| **5.** | **beeldspraak** | Taaluiting wat van figuurlike, oordragtelike taal gebruik maak, bv. vergelykings, metafore en personifikasie. |
| **6.** | **stylfigure** | Uitdrukkings wat 'n styleffek teweegbring deur woorde nie in hulle normale of letterlike betekenis en funksie aan te wend nie (afwyking in woordgebruik), maar op 'n besondere wyse groter krag of dramatiese beeld aan skryfwerk verleen. |
| **7.** | **antiklimaks** | Die omgekeerde van klimaks; onverwagte teleurstellende uiteinde, afloop; ommeswaai van iets belangriks na iets nietig, gewoonlik met 'n komiese effek. |
| **8.** | **antitese** | Die teenstelling van gedagtes wat uitgedruk word deur parallelisme wat skerp teenoor mekaar staan, bv. *hoe meer haas hoe minder spoed*<br>Matthews Phosa se *Talle tonge* |
| **9.** | **kontras** | Stylmiddel waarin twee uiterstes teenoor mekaar gestel word. |
| **10.** | **eufemisme** | Versagtende uitdrukking of omskrywing; verbloeming; word gebruik om nie gevoelens seer te maak nie. |
| **11.** | **hiperbool** | 'n Stylfiguur waarin buitensporige, doelbewuste oordrywing gebruik word; om iets groter as wat dit werklik is, voor te stel, bv. *Hulle het ons 'n berg koek gegee om te eet* |
| **12.** | **metafoor** | Gebruik een ding om 'n ander met soortgelyke eienskappe te beskryf. |
| **13.** | **metonimia / oornoeming** | Twee sake of begrippe wat nou met mekaar in verband staan, word in verband met mekaar gebring. Die <u>pen</u> is magtiger as die <u>swaard.</u> |
| **14** | **onomatopee/ klanknabootsing** | Die gebruik van klanknabootsende woorde om dit wat genoem word, te beskryf. |

| | Literêre kenmerke / terme | Verduideliking |
|---|---|---|
| **15** | **oksimoron** | Stylfiguur waarby twee teenoorgestelde begrippe met mekaar verbind word, bv. *ou nuus*, gewoonlik vir beklemtoning. |
| **16** | **paradoks** | Skynbare teenstrydigheid, bv. *om die waarheid te sê, moet ek lieg.* |
| **17** | **personifikasie** | Menslike eienskappe en handelinge word aan lewelose dinge, diere of plante toegeken. |
| **18** | **woordspeling** | Die humoristiese gebruik van 'n woord om 'n ander betekenis uit te bring; maak op geestige wyse gebruik van woorde wat verskillende betekenisse kan hê. |
| **19** | **sarkasme** | Bytende, bitter spot; minagting wat wil seermaak of skok op persoonlike vlak; dit sê wat die spreker / skrywer bedoel. |
| **20** | **satire** | Iets wat hekelend spot met die lewe; dwaashede en wanpraktyke van die mens / maatskappy word onthul of geopenbaar |
| **21.** | **vergelyking** | Een saak word aan 'n ander gelykgestel deur die gebruik van "soos, nes, net soos" |
| **22.** | **simboliek** | 'n Teken / voorwerp wat 'n ander saak verteenwoordig |
| **23.** | **sinekdogee** | Die geheel word deur dele daarvan aangedui of omgekeerd. |
| **24** | **onderbeklemtoning** | Die uitdruk van iets op 'n terughoudende wyse, eerder as om die volle feite of waarheid te ontbloot, gewoonlik vir beklemtoning. |
| **25** | **woordkeuse / diksie** | Dit het te doen met die gebruik van gepaste beskrywende, uitlokkende woorde, frases en uitdrukkings |
| **26.** | **toon** | Toonhoogte en stembuiging wat 'n gevoelsboodskap van 'n teks kan oordra. Dit gaan oor hoe die spreker homself in 'n bepaalde situasie uitdruk. |
| **27.** | **retoriese middels** | middels soos pouses en herhaling, deur 'n spreker / skrywer / aanbieder gebruik om doeltreffend te oortuig. |
| **28.** | **gevoelstaal** | Taal en styl wat persoonlik is; sterk gevoelens wek; teenoorgestelde van nugtere, saaklike taal. |
| **29.** | **versreëls** | 'n Enkele reël(s) in 'n gedig. |
| **30.** | **woorde** | Die digter se woordspel met denotatiewe betekenis teenoor konnotatiewe betekenis óf gesuggereerde teenoor geïmpliseerde betekenis. |
| **31.** | **strofes** | Dit is 'n aantal versreëls (een of meer) wat 'n eenheid vorm as onderdeel van 'n gedig. |
| **32.** | **verbindingswoorde** | verbindings / oorgangswoorde om 'n vloeiende gedagtegang te bewerkstellig. |
| **33.** | **punktuasie** | Wanneer daar geen of min aanduiding van pousering is nie, weet jy nie hoe om dit te lees nie. Waar stop jy? Waar gaan jy oor na die volgende reël? |
| **34.** | **refrein** | 'n gereelde en herhalende kombinasie van woorde / klanke wat voorkom . |

| | Literêre kenmerke / terme | Verduideliking |
|---|---|---|
| 35. | **herhaling** | Dit is wanneer ’n woord, klank, sinsdeel, ens. meer as een keer in ’n gedig herhaal word. |
| 36. | **klankeffekte** | alliterasie, konsonansie, assonansie, rym, ritme |
| 37. | **alliterasie** | Die herhaling van dieselfde beginletters (medeklinkers / konsonante) in beklemtoonde lettergrepe. |
| 38. | **assonansie** | Die herhaling van dieselfde klinkers / vokale in ’n versreël. |
| 39. | **rym** | Woorde of reëls in ’n gedig wat met dieselfde klank, insluitende ’n vokaal / klinker eindig. |
| 40. | **ritme** | ’n gereelde en herhalende patroon van klanke. |
| 41. | **tempo** | Tempo dui op die tydmaat of snelheid van byvoorbeeld praat. |
| 42. | **enjambement** | Dit is wanneer die gedagte van die een versreël sonder ’n ruspunt oorloop na die volgende versreël. |

***Drama/ Eenbedryf/ Roman/ Novelle/ Kortverhaal/***

| | Literêre kenmerke / terme | Verduideliking |
|---|---|---|
| **1.** | **Intrige** | die onderlinge verband tussen die hoofgebeure in die teks; dit het met meer as net die reeks van gebeure te doen. Dit veronderstel 'n patroon van die verhouding tussen gebeure en intrige. |
| **2.** | **subintrige** | die afname in die aksie wat parallel loop met die hoofintrige van die drama. |
| **3.** | **eksposisie** | die agtergrondinligting is verskaf. Die inligting sluit die protagonis, die antagonis, die basiese konflik, die agtergrond en die stemming in. |
| **4.** | **verwikkeling** | die basiese konflik word bemoeilik deur verbandhoudende, sekondêre konflik |
| **5.** | **konflik** | Die stryd wat ontstaan tussen karakters of individue en hulle omstandighede. |
| **6.** | **klimaks** | die belangrikste, effektiewe of belangrike deel van die storie; hierdie belangrikste deel is nie noodwendig aan die einde van die verhaal nie; die keerpunt; die mees intense oomblik – óf geestelik óf in aksie. |
| **7.** | **ontknoping** | Al die aksie wat op die klimaks volg. |
| **8.** | **antiklimaks** | wanneer daar nie aan die verwagting voldoen word nie of wanneer die ernstigheid van die intrige verlore gaan as gevolg van 'n komiese of betekenislose gebeurtenis. |
| **9.** | **afloop** | die slot wat alle los drade saamheg |
| **10.** | **tydsprong** | Die middel wat die skrywer gebruik om na wat in die toekoms gaan gebeur uit te wys. |
| **11.** | **terugflits** | 'n Middel wat die skrywer toelaat om gebeure wat voor die huidige gebeure afspeel aan te bied. |
| **12.** | **karakterisering** | Wie die karakter is en wat sy / haar motiewe is. |
| **13.** | **rol van die verteller/ perspektief** | In 'n literêre werk stel die verteller of spreker die storie aan die leser bekend deur waardes, geloof en ervarings te verduidelik. |
| **14.** | **tema en boodskap** | 'n Sentrale gedagte of stelling wat die literêre werk tot 'n eenheid bind en beheer. |
| **15.** | **agtergrond en milieu** | Sosio-politieke en kulturele agtergrond van tekste en die skrywer. Die agtergrond vir aksie van die fiktiewe werk. |
| **16.** | **dramatiese struktuur** | Die wyse waarop die onderskeie literêre elemente in samehang gebruik word, nl. intrige, bedrywe, tonele, karakters en moontlik kenmerke van taal in 'n verhoogstuk . |
| **17.** | **stemming** | atmosfeer en emosie in geskrewe tekste; dit dui op die gevoel of die gemoedstoestand van die karakters; dit verwys ook na die atmosfeer wat teweeggebring word deur die visuele, oudiovisuele of multimedia tekste |

| | | |
|---|---|---|
| **18.** | **toon** | kwaliteit en timbre van stem wat die emosionele boodskap van die gesproke teks oordra. In die geskrewe teks word dit deur woorde wat die houding van die skrywer weergee, oorgedra. |
| **19.** | **ironiese wending / afloop** | Die meeste storielyne is rondom KONFLIK tussen twee of meer karakters opgebou. Dit is gewoonlik die gevolgtrekking van hierdie konflik en oplossing(s) van die probleem(e). |
| **20.** | **toneelaanwysings / subteks/neweteks** | 'n Instruksie wat ingevoeg word by die drama of eenbedryf om toneelbewegings, bewegings of produksievereistes aan te toon. |
| **21.** | **dialoog / monoloog / alleenspraak** | Gesprek in die drama. In die drama word die karakter se naam voorafgegaan en daarna volg die gesprek. Dit is die gesprek waarin die karakter sy denke aan die gehoor, maar nie die medespelers nie, openbaar. |
| **22.** | **dramatiese ironie** | Dit kom voor wanneer die gehoor / leser / toeskouer meer weet omtrent die situasie en die implikasies daarvan as die ander betrokke karakter. Dit verhoog die spanning, genot en gehoordeelname. |
| **23.** | **tydsverloop** | Dit is die chronologiese opeenvolging van gebeure. |